

5 Desember

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:19-26; Johannes 3:16-18**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22, 23; Johannes 3:16**

**God se liefde red jou van vernietiging – Laat die liefde jou lei om haat te beveg**

In mekaar se geselskap, maar ook in vreemdelinge se geselskap, kan ons so 'n vrye sê hê! Dit maak seer en veroorsaak verwydering. Watter snedige en dalk haatlike dinge het jy kwytgeraak?

Ons is besig met “karpos” versus “sarkos, die “vrug van die Heilige Gees” teenoor die “werke van die “vlees”. Satan wil jou in die modder hou en Hy veroorsaak dat jy kort-kort iets sê of doen wat nie reg is nie. Jy en ek behoort eintlik hieroor vernietig te word. God ons Vader bewys sy genade deur Jesus Christus in ons plek te laat sterf, juis vanweë die *sarkos*-dinge in ons. Jesus het uit die dood uit opgestaan en Satan, die sonde en die wêreld oorwin! God red jou met sy liefde van vernietiging en Hy gee jou die ewige lewe!

“Agape” is die Griekse woord vir “liefde”. *Agape* is 'n demonstratiewe liefde, 'n doen-liefde en 'n selfverloënde liefde. Jy is deur *agape*-liefde gered, en nou is die Heilige Gees ook in jou om juis *agape*-liefde uit te lewe. Die eerste deel van die vrug van die Gees in jou is juis *agape*-liefde.

Jy het geen verskoning nie! Die haatlike dinge wat jy onder aanhitsing van Satan doen, kan jy onder Koningskap van Jesus Christus stop. Laat die liefde jou lei om die haatlike te stop. Kontak vandag net een mens met wie jy lelik was en vra om verskoning. Jy is deur Jesus vergewe, nou wil jy graag in liefde ook met ander die saak regstel.

*Sing: Skrifberyming 9-5:1*

*Ds. J van Schaik (Randburg)*